VGK Stellenbosch
'N GEMEENTE IN OORGANG

Jaco Coetsee

Hoe bedien jy 'n groeiende gemeente van 3200 belydende en 1000 dooplidmate ...?

- met een leraar sonder die vaagste (finansiële) vooruitsig op enige verdere betaalde leraars
- met beperkte geldelike bronne
- wat uitgestrek lê oor drie dorpsgebiede en landelike omstreke
- met twee verskillende aanbiddingsplekke verskeie kilometer uitmekaar elke Sondag
- met 50 begrafnisse per jaar, 30 huwelike, 70 dopelinge, 500 Sondagskoolkinders, 200 katkisante
- waarvan 90% lidmate aan die bloukraagkant van die ekonomiese sektor deel het
- met 'n werkloosheidsyfer van 30%
- met lidmate wat tussen die wêrelde van modernisme en pre-modernisme (LW!) 'n haalbare lewensbenadering soek
- met 'n smorgasbord van spirituele tradisies uit die gereformeerde, metodistiese, piëtistiese, baptistiese en pinksterbeskouings wat ontwikkel deur onder andere ondertrouery en kerkspringery
- teenaan 'n kontrasterende universiteitsdorp met van die welvarendse gemeenskappe in die land
- in 'n volatiele omgewing van armoede, interpersoonlike konflik, gesinsgeweld, drank- en dwelmkultuur, anti-sosiale gedrag en behuisingsnood
- met mense wat polities (steeds/weer?) gemarginaliseer voel

Hoe bedien jy so 'n gemeente wat nie on-tipies is van VGK gemeentes nie?

Die VGK Stellenbosch probeer die uitdagings aanspreek onder andere deur:

- 'n gedesentraliseerde bedieningsbenadering
- bemagtiging op die laagste moontlike vlak van besluitneming
- deurlopende leierskapsopleiding
- gevarieerde erediensviering
- sterk belydenisgrondslag

1 'n Gedesentraliseerde bedieningsbenadering

- Die gemeente is gestruktureer in 35 wyksgemeentes met tussen 100 en 150 lidmate in elke wyk. Die "huisgemeentes", wat geografies bepaal is, word bestuur deur "wyksrade" wat bestaan uit tussen 5 en 10 persone wat jaarliks op huisgemeentevergaderings verkies word. Die wyksrade het portefeuljes vir onder andere vrouebediening, jeugbediening, kinderbediening, bejaardebediening en so meer. Huisdienste word op rotasiebasis weekliks/maandeliks by huise in die wyk onder beskerming van die wyksrade gehou. Uit elke wyksraad word 'n ouderling en diaken genomineer wat op die sentrale kerkraad van die gemeente dien. Die ouderling dien as "voorsitter" van die wyksraad. Die ouderling/voorsitter en diaken doen een keer per maand verslag in 'n "versorgingsvergadering" waar die leiers mekaar oor en weer pastoraal bedien as persone maar ook rondom probleme wat uit die wyke opkom. Die leraar is te alle tye beskikbaar vir konsultasie en lei ook die breër vergaderings.

- Verder is die gemeente gestruktureer rondom groter "bedieningsaksies" soos katkisasie en Sondagskool, jeugverenigings soos die Brigade en Christenjeug, Kinderbond, Getuienisaksie en Alkoholistebond, elkeen met hulle eie "bestuur" en eiesoortige agenda. Al die verskillende bedienings ko-ordineer in kwartaallikse vergaderings vir verslag en beplanning. Die hele gemeentelike beplanning word saamgevat in 'n "jaarboek" wat jaarliks gepubliseer word vir leiers van die gemeente en wat help dat 'n gesonde sisteembenadering gehandhaaf kan word.
- Laastens is daar talle informele groepe soos gebedskringe, enkele selgroepe en talle mindere of meerdere ad hoc-huisbidure en kleingroep-gebedsgeleenthede waar lidmate informeel en spontaan geestelik en diakonaal na mekaar omsien. Die leraar neem op uitnodiging hieraan deel na gelang van behoefte en is beskikbaar vir konsultasie aan leiers van al hierdie groepe.
- "Portefeulje"-groepe uit die verskillende huisgemeentes vergader van tyd tot tyd saam met die leraar om gemeenskaplike belange ten opsigte van hulle wyksbedienings te bespreek en staan in 'n losse netwerk met al die ander verskillende groeperings.

2 Bemagtiging op die laagste moontlike vlak van besluitneming

Hierdie beginsel help dat die grootste moontlike besluitneming afgewentel word na die huisgemeentevlak (en bedieningsaksievlak) waar mense elke dag skouer skuur en waar hulle in die beste posisie is om behoeftes te kan beoordeel. Goedkeuring tot doop, tuguitoefening en selfs sekere finansiële bestuur gebeur op hierdie vlak met verslag (en waar nodig bekragtiging) deur die gemeentelike kerkraad. In die praktyk beteken dit dat hierdie 35 huisgemeentetjies grootliks elkeen hulle eie identiteit het: 'n agenda van belange soos bepaal deur hulle onmiddellike woonomgewing, fondsinsamelings, pastorale versorging en onderlinge diakonale hulpbetoon. Hierdie beginsel van bemagtiging gee alle aanduidings dat dit lidmate gretig maak om deel te neem in die aktiewe gemeentelewe. Die leraar self is dikwels nie eers bewus van talle aktiwiteite nie, en kan ook nie bybly nie (!) maar is altyd beskikbaar vir konsultasie.

3 Deurlopende leierskapsopleiding

- 'n "Bybelakademie" wat ook ekumenies funksioneer is ongeveer 'n dekade gelede deur die gemeente ingestel en bied jaarliks tot 10 verskillende kursusse aan in sake soos praktiese pastoraat, leierskap, gebed, jeugbediening, huweliksberading, finansiële bestuur, preekkuns en kinderbediening in samewerking met kundiges. 'n Amptelike jaarlikse "diplomaplegtigheid" met noenmaal rond die werksaamhede af. Deelname aan die "akademie" is vrywillig en na behoefte.
- Die beginsel hier is dat bemagting op die vlak van besluitneming en bestuur, onmiddellik ook vereis bemagtiging wat betref vaardighede en kennis.
- 'n Groot deel van die leraar se energie (kragtens kerkraadsopdrag) word benut vir hierdie leierskapstoerusting.
- Verder word jaarlikse leierskapskonferensies aangebied vir alle wyksrade/kerkraadslede/bestuurslede/kategete (in 2004 in samewerking met die Kweekskool).
- Die leraar poog om 'n raamwerk van sy preek elke Sondag skriftelik aan alle kerkgangers uit te gee as deel van die deurlopende toerusting en sodat dit verder deur leiers na behoefte benut kan word in ander byeenkomste in die gemeente.
- 'n "Preekbundel" as praktiese bedieningsgereedskap word elke jaar deur die leraar opgestel wat in die hand van alle preekleiers geplaas word en wat nie net die kerklike jaar aanspreek nie, maar ook die talle spesiale geleenthede waarmee predikers in hulle kleiner huiskerk-kontekste te doen kry, byvoorbeeld huwelike, doop, verjaarsdae, begrafnisse, en so meer.

4 Gevarieerde erediensviering

- 'n Heterogene demografiese profiel soos hierbo uitgespel, vra 'n heterogene erediensviering! Ten minste vyf verskillende musiek- en aanbiddingstradisies funksioneer deurlopend en afwisselend by eredienste:

    - Klavier en orrel rondom die Geneefse musiektradisie binne die Sionsgesange
    - Brigade koperblaas- en slaginstrumente op 'n meer marsmusiekstyl
    - "Tradisionele Kaapse" musiek met banjo's, kitare en saksofone vir 'n egte Kaapse klank rondom "koortjies".
    - Elektroniese orkes (kitare, klawerbord, dromme) vir die nuwere hedendaagse lofprysing en aanbiddingsmusiek. Hiermee saam dikwels ook lofdanse.
    - Koorsang deur sterk en entoesiastiese kore. Ook "mannekore" en ad hoc-sanggroepe.

- Ondervinding toon dat daar breë toleransie in die gemeente bestaan vir al die tradisies en dat dit as oor en weer as verrykend beleef word.

5 Sterk belydenisgrondslag

Hoe val so 'n gemeente met soveel uiteenlopende style, kontekste en benaderings nie uiteen in chaos nie? Die antwoord lê bes moontlik nie in 'n persoonlikheid, die bestuurstyl of 'n sametrekkende geformuleerde "gemeentevisie" nie (alhoewel vanselfsprekend belangrik), maar in die krag van die gemeente se belydenis soos onder woorde gebring in die Belydenis van Belhar.

- Die belydenis van eenheid. Daar leef 'n kragtige oortuiging in die gemeente self dat die belydenis rondom eenheid nie net is vir eenheid in die groter kerk nie, maar eenheid vanaf die mikrovlak binne huisgemeentes tot eenheid binne die hele gemeente met al sy variasie en aktiwiteite. Hierdie middelpuntsoekende belydenis trek die gemeente dikwels deur tye wat moeilik kon raak en waar alle potensiaal vir verbrokkeling kon ontstaan.
- Die belydenis van versoening. Die krag van hierdie belydenis help die gemeente vanaf die een-tot-een vlak tot in die breedste funksionering om die volatiliteit van die konteks te oorkom. Dit help met interpersoonlike verhoudings, dit help met konflikbestuur, dit help met probleemoplossing binne die gemeente.
- Die belydenis van geregtigheid. Hierdie belydenis gee die gemeente sy visie op die groter koninkryk en is die motiveerder vir die talle gemeenskapsaksies waarby dit betrokke is. Dit maak die gemeente oop na buite en help dat die vars bries van na-buite-gerigtheid deur die gemeente aanhou waai!

Die VGK Stellenbosch is nie 'n "suksesvolle" gemeente nie. Allermins. Eerder 'n lydende en strydende gemeente wat gedurig worstel met homself en met sy konteks. 'n Gemeente van sondaars wat in radikale hoop vasklou aan die genade van God in Christus. 'n Soekende gemeente vol swakhede en foute wat telkens weer moet opstaan en vernuwing moet herontdek. 'n Gemeente wat nie soseer 'n eksplisiete "bedieningsmodel" geformuleer het nie, maar wat, deur die genade van God, getrou probeer bly aan sy belydenis. 'n Gemeente wat sensitief probeer wees vir sy roeping binne sy konteks en wil oop bly vir vernuwende leiding deur die Gees van die Here. 'n Gemeente met 'n visie op die "nuwe hemel en nuwe aarde" en wat iets daarvan probeer intrek in die lewe van elke dag.